Wat nou gemaak as jou besigheid vou en dit voel of alles om jou intuimel.

http://www.mentor24.co.za/2012/03/wat-nou-gemaak-as-jou-besigheid-vou-en-dit-voel-of-alles-om-jou-intuimel/

Baie van ons gaan een of andertyd deur ‘n storm. Die vraag is hoe moet ek die branders ry. Laat ek dit illustreer deur die volgende voorbeeld van Ruben Roux te gebruik. Ruben het vir die staat gewerk en tot ‘n vlak van direkteur gevorder gedurende ‘n loopbaan van 25 jaar. Eendag word hy ingeroep en vertel dat hy sy werk verloor as gevolg van ‘n samesmelting van ‘n paar departemente.
Hulle bied hom ‘n pakket van R 600 000 aan na al sy belasting afgetrek is. Wat nou gemaak? Hy hoor van ‘n vriend dat ‘n vulstasie te koop is vir R1.5 miljoen. Ruben voel dat ‘n adviseur en prokureur nie nodig is met die kooptransaksie nie, doen sy eie berekenings, stel die koopkontrak self op vanaf ‘n internet formaat, en reken hy sal die geld binne 3 jaar kan terugbetaal. Hy kry ‘n lening van die bank vir die balans en vat sy R600 000 en koop die besigheid.
Na 6 maande sit hy met sy hand in sy hare, die omset is nie naastenby so baie as wat die verkoper hom vertel het nie en hy is alreeds 3 maande agerstallig met sy paaiemente. Hy sukkel om sy brandstof rekening te betaal en sy kinders op universiteit gluur hom aan omdat hy nie vir hulle studies kan betaal nie. Net hy glo dat dinge beter sal gaan. Selfs vroulief begin hom te bevraagteken oor die besigheid wat hy gekoop het.
Na 18 maande het hy sy huis se verband met R500 000 opgestoot om vir die kinders se studies te betaal en die vulstasie aan die gang te hou. Die bank het op hierdie stadium as ‘n dagvaarding gestuur waarin hulle eis dat hulle sy huis gaan terugvat. Ruben het sy balansstaat opgestel en tot die gevolgtrekking gekom dat hy defnitief bankrot is en sy huis en karre gaan verloor. Hy kan nie slaap nie en skrik wakker in die nag, papnat gesweet! As hy maar net die Lotto kan wen.
Kan u uself assosieer met die storie. Ons kan help!
In so ‘n situasie moet jy die volgende besef:

- Jy sal nie die Lotto wen nie!
- Jy het ‘n fout gemaak. “So what?”!
- Jy is nie ‘n slegte persoon nie!
- Jy is nie ‘n slegte pa of ma nie!
- Jy is nie ‘n slegte eggenote nie!
- Meer as 40% van die Suid Afrikaanse bevolking is in presies dieselfde bootjie

Ons doen ‘n analise en herstrukturering van jou lewensomstandighede en kan jou help om jou bates soos jou huis, voertuie en meublement te beskerm teen die “aasvoels en parasiete” deur jou met advies en ondersteuning by te staan. Belangrikste ons kritiseer jou nooit nie.